**Week 5: Accountability** ***(30 Maart – 5 April)***

***Jesus in* die woestyn (Matteus 4:1-11, Lukas 4:1-13)**

In die afgelope 28 dae het ons wêreld dramaties verander! Niemand het in hul wildste drome kon dink dat toe ons op 1 Maart met 40 Days of Change begin het, dat change so ingrypend en wyd verspreid gaan wees nie!

Hoekom is verandering in ons lewens nie so dramaties nie?

Die model waarmee ons vir 40 dae werk neem ons deur 5 fases om ons te help om te verstaan hoe verandering gewoonlik in mense se lewens gebeur:

1. Erken dat jy in die moeilikheid is (week 1);
2. Wees eerlik oor wat jou keer om te verander (week 2);
3. Vra en vat vergiffenis (week 3);
4. Commit vir die langpad (week 4);
5. Wie hou jou accountable? (week 5)

Ons leer iets anders oor die potensiaal van verandering. Verandering kan dramaties wees en 'n baie groter impak hê as wat ons dink. Gewoonlik vat verandering tyd, behalwe in buitengewone situasies. Om gesond te bly en diep geestelike changes te ondergaan, het ons nodig om baie duidelike riglyne te volg (*soos was jou hande, isoleer in die Corona-tyd*) en het ons mense nodig om ons accountable te hou.

Lees saam, bid saam , maak tyd in jou dag vir hierdie dagstukkies hierdie week. Wees eerlik oor jou eie journey van change wat jy moet loop en vertrou God om in hierdie tyd in jou lewe te werk.

## Maandag 30 Maart - Dag 30:

*"We must first recognize our own complicity in evil before we can transform it. We see this pattern when Jesus himself was faced with three temptations to power (Matthew 4:1-11). Until we face our own demons, none of us are prepared to fight evil elsewhere."* Richard Rohr

Die eerste versoeking waarmee die duiwel na Jesus kom, is om brood te maak van klippe. Die versoeking is om te dink dat die belangrikste in die lewe is om aan ons fisiese behoeftes aandag te gee. Kos, klere en goed word so maklik die sake waarom ons lewens draai en kan so belangrik raak dat ons Jesus en wat Hy in ons lewens doen, kan mis.

**Lees Matteus 4:1-4 –** Hoe verklap ons geneigdheid om op te gaar in hierdie Corona-tyd iets hiervan? Is jou aandag heel eerste op jou fisiese behoeftes en watter impak dink jy het dit op jou verhouding met die Here?

## Dinsdag 31 Maart - Dag 31:

*"The gift of darkness draws you to know God's presence beyond what thought, imagination, or sensory feeling can comprehend."* Richard Rohr

Die tweede versoeking waarmee die duiwel na Jesus toe kom, is om Jesus te versoek met die idee dat die dramatiese wonderwerke ("*Spring van die dak van die tempel af*!") 'n verhouding met God aan die gang hou. Die dramatiese kan nooit gehoorsaamheid aan God se plek inneem nie.

**Lees Matteus 4:1-7 –** Watter wonderwerke soek jy in jou lewe? Watter verskil dink jy gaan dit maak?

## Woensdag 1 April - Dag 32:

*"Life is not a matter of creating a special name for ourselves, but of uncovering the name we have always had."* Richard Rohr

Die derde keer kom die duiwel na Jesus en bied kamstig die heerskappy van die wêreld aan hom. Die versoeking is om belangrik te wees. Jesus se hele bediening op aarde wil kom sê dat wat God dink baie belangriker is as die goedkeuring en eer van mense. Moenie die eer en goedkeuring van mense soek nie. *Moenie 'n fool wees nie (!)*

**Lees Matteus 4:1-10 –** In watter situasies wil jy goed lyk voor mense en watter impak kan dit op ons verhouding met die Here hê?

## Donderdag 2 April - Dag 33:

"*When Scripture is read through the eyes of vulnerability it will always be liberating and transformative."* Richard Rohr

Met elke versoeking is Jesus se eerste linie van verdediging altyd om die Woord van God te gebruik. Hy antwoord elke keer met die woorde: "Daar staan geskrywe…" Ons mag nooit vergeet watter krag is daar in God se Woord en in God se beloftes nie.

**Lees Matteus 4:1-11 –** Selfs Jesus het die Woord van God nodig in aanvalle van die bose. Hoe kan jy die Bybel gebruik om jou te help in versoekings en jou te help om te groei?

## Vrydag 3 April - Dag 34:

*"God is always drawing us closer, blow by blow and bit by bit. And most of the time we do not even know it is happening."* Richard Rohr

Dit is interessant dat die Heilige Gees Jesus na die woestyn toe lei. Woestyntye is baie keer tye waarin ons geloof getoets word, maar dit is kosbare tye van groei en vorming. Moenie die rol en krag van die Heilige Gees in sulke tye onderskat nie. God se belofte is dat Hy by ons is.

**Lees Matteus 4:1-11** – Hoe kan hierdie "Corona-woestyntyd" jou geloof toets en jou help om dieper te groei in jou verhouding met die Here?

## Saterdag 4 April - Dag 35:

*"The cross is the standing statement of what we do to one another and to ourselves. The resurrection is the standing statement of what God does to us in return."* Richard Rohr

Ons het **groepe** nodig – mannegroep, selgroep, vriendegroep – ons kan nie alleen lewe nie. Een van die *grootste challenges in die VK* is juis die ontdekking dat ek ander nodig het op my journey. Die mees suksesvolle programme wat mense help om te verander, soos bv die AA en Slimming World bevestig dat vir verandering, *lasting change*, het ons nodig om accountable gehou te word. Ons het mense nodig wat ons gaan help, aanmoedig en challenge.
Wie is daar in jou lewe wat jou help en jou aanmoedig?

*Bella Eidenberg was a Polish Jew who was at Auschwitz and some of her family didn't make it. Twenty years ago she said she was slow to make friends, and that the real question in her mind was always, 'Would they hide me?' If you have a lot of people that would hide you, you've had a very*

*successful life. That can't be bought. I know people that have billions of dollars and their children would say, 'he's in the attic.'"* — Warren Buffett

## Sondag 5 April - Dag 36:

*"Much of the Christian religion has largely become "holding on" instead of letting go. But God, it seems to me, does the holding on (to us!), and we must learn the letting go (of everything else)."*
Richard Rohr

As Jesus in die woestyn versoek word, challenge die duiwel Jesus se karakter. Is Hy wie Hy sê Hy is? Geloof gaan oor integriteit – om te wees wie ons bely dat ons werklik is, anders gee ons voor. Dit beteken nie dat ons volmaak is nie, ons gaan op aarde nooit by volmaaktheid kom nie – die eindpunt van ons journey is nie om *morally pure* te wees nie, maar om naby aan God te wees, te ontdek hoe Hy by ons is en in ons werk en dit het groter potensiaal om ons te shape en te verander.

**Lees weer Matteus 4:1-11** en vra die Here om jou te help om eerlik te wees oor jou journey met Hom en dit wat jou wegvat van sy pad. Watter belofte het hierdie gedeelte vir jou oor hoe God gaan bly werk in jou lewe?